

Skaakmat!

Hierdie lap wat soos 'n skaakbord lyk, sal jou so bekoor dat jy dit eenvoudig **moet** maak

BENODIGDHEDE

Ongeveer 500 g wit Pingouin-hekelgare Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; hlb — halflangbeen; gs — glipsteek; beg — begin; vlge — volgende; st(e) — steek(steke); sp(s) — spasie(spasies)

AANWYSINGS

Dié lap word gemaak van 64 motiewe — 32 met speke en 32 met rose en picot-kantwerk. Die motiewe word soos vierkante op 'n skaakbord gerangskik.

ROOSMOTIEF

1e Rondte: 8 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.
2e Rondte: 6 ks (= 1 lb en 1 sp); (1 lb in ring, 3 ks) 5 keer, gs in 3e van 6 beg-ks.

3e Rondte: (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp van vorige rondte, gs in beg-ks.

4e Rondte: 5 ks (= 1 kb en 1 sp), * slaan vlge blomblaar oor en hekel 1 kb in vlge lb van 2 vorige rondtes tussen blomblare, steek hekelpen aan agterkant van werk in, 4 ks *; herh van * tot * rondom, eindig met 1 gs in 1e van 5 beg-ks.

5e Rondte: (1 kb, 1 hlb, 5 ks, 1 hlb, 1 kb) in elke sp, gs in 1e kb.

6e Rondte: 6 ks (= 1 kb en 1 sp), * slaan vlge blomblaar oor en hekel 1 kb in vlge kb van 2 vorige rondtes tussen blomblare, steek hekelpen aan agterkant van werk in, 5 ks *; herh van * tot * rondom, eindig met 1 gs in 1e van 6 beg-ks.

7e Rondte: soos 5e rondte.

8e Rondte: 1 gs in vlge hlb, * 1 kb in vlge lb, 2 ks, 1 picot (= 3 ks, gs in 1e van 3 ks), 2 ks, 1 picot, 2 ks, slaan vlge 2 ste van die blomblaar en vlge 2 ste van vlge blomblaar oor *, herh van * tot * rondom, gs in 1e kb.

9e Rondte: gs tot in middel van 1e sp van vorige rondte tussen 2 picots, 1 kb in dié sp, * 9 ks, 1 kb in vlge sp tussen 2 picots, draai en hekel 13 kb in 9-ks-ls so pas gemaak, draai weer om (met 3 ks vir draai-ks), 1 lb in elke kb, 3 ks (= 1 lb); * n gs in laaste kb en 1 kb in sp van vorige rondte; ** 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 kb in vlge sp van vorige rondte tussen 2 picots **; herh van ** tot ** 1 keer *; herh van * tot * nog 3 keer, laat laaste kb aan einde van laaste herh weg en eindig met gs in beg-ks.

10e Rondte: 1 gs in elk van 3 ks van vorige rondte (wat as 1e lb getel word), 1 gs in vlge st, 1 kb in vlge st, * 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, slaan vlge 3 ste oor, 1 kb in vlge st, 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, slaan vlge 3 ste oor, 1 kb in vlge st; ** 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 kb in vlge sp van vorige rondte tussen 2 picots **, herh van ** tot ** 1 keer, 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 picot, 2 ks, slaan 1e 2 ste van vlge groep lb oor, 1 kb in vlge st *. Herh van * tot * nog 3 keer, laat laaste kb aan

einde van laaste herh weg en eindig met gs in beg-ks.

11e Rondte: soos 9e rondte, maar herh van ** tot ** nog 3 keer in plaas van slegs 1 keer.

12e Rondte: soos 10e rondte, maar herh van ** tot ** nog 3 keer in plaas van slegs 1 keer.

13e Rondte: soos 9e rondte, maar herh van ** tot ** nog 5 keer in plaas van slegs 1 keer.

14e Rondte: soos 10e rondte, herh ** tot ** nog 5 keer.

15e Rondte: soos 9e rondte, herh ** tot ** nog 7 keer.

16e Rondte: gs tot middel van 1e sp van vorige rondte, tussen 2 picots, 1 kb in dié sp, * 2 ks, 1 picot, 2 ks, 1 kb in vlge sp van vorige rondte tussen 2 picots *; herh van * tot *

rondom, laat laaste kb aan einde van laaste herh weg en eindig met gs in beg-ks. Knip gare af en heg af.

SPEKEMOTIEF

Soos roosmotief tot en met 7e rondte.

8e Rondte: soos 6e rondte, maar hekel 6-ks-sps i.p.v. 5-ks-sps.

9e Rondte: soos 7e rondte, maar hekel 7 lb i.p.v. 5 lb.

10e Rondte: soos 6e rondte, maar hekel 7-ks-sps i.p.v. 5-ks-sps.

11e Rondte: in elke sp van vorige rondte hekel 1 kb, 1 hlb, 9 lb, 1 hlb, 1 kb. Eindig met gs in beg-st.

12e Rondte: * 1 kb in vlge st, (3 ks, slaan vlge st oor, 1 kb in vlge st) 2 keer; (3 ks, slaan vlge st oor, 1 kb in vlge st) 2 keer; 3 ks, slaan laaste kb van vorige blomblaar en eerste kb van vlge blomblaar oor *. Herh van * tot * rondom, maar 2 keer, word 1 st nie oorgeslaan nie om 44 sps te verkry.

13e Rondte: * 1 kb in vlge sp, (4 ks en 1 kb in 1e van 4 ks) 16 keer (L.W.: 4 ks en kb in 1e van 4 ks vorm picot) — op dié wyse word dus een speek gevorm — heg hierdie speek aan hoek van roosmotief vas, tussen twee picots. Werk nou terug langs ander kant van 16-picot-speek en maak 1 picot teenoor elke picot van 1e kant; 1 ks, * 1 kb in vlge sp, hekel ry van 15 picots en heg dit vas aan vlge sp van roosmotief met 1 ks en 1 kb, werk weer terug langs ander kant van speek met picots teenoor picots **, hekel van ** tot ** nog 1 keer, maar maak vlge speek van 14 picots, daaropvlge speek van 13 picots, daaropvlge speek van 12 picots, dan twee maal 'n speek van 11 picots, dan speek van 12 picots, dan speek van 13 picots, dan speek van 14 picots, herhaal steeds soos beskryf is van ** tot **. Op dié manier is 11 speke gemaak; herhaal dit nog 3 keer.

Die speekmotiewe word dus op die manier aan die roosmotiewe vasgehekel, maar laat speke aan buiterand van speekmotiewe los hang tot die buitenste rand wat om hele lap gehekel word, gemaak word.

AFWERKING

Nadat al 64 motiewe aanmekeargehekel is en een vierkantige lap vorm, moet rand gehekel word.

RAND

1e Rondte: heg draad met gs vas in middelste sp van laaste rondte van roosmotief, * 2 ks, 1 picot, 1 ks, 1 picot, 2 ks, 1 kb in vlge sp tussen 2 picots of aan bokant van vlge los speek. * Herh van * tot * rondom, laat laaste kb aan einde van laaste herh weg en eindig met 1 gs in beg-ks.

2e tot 5e Rondte: soos 16e rondte van roosmotief. Knip draad af en heg af.



